

Beproefde teelmateriaal lewer beste resultate



Vir mnr. Derick Orsmond is die suksesresep van sy Drakensbergstoetery om topteelmateriaal te kombineer met die beste moontlike rantsoenplan.

Beesboerdery is die deurlopende opweeg van uitgawes teenoor inkomste om die beste wins te behaal. Vir mnr. Derick Orsmond, 'n siviele ingenieur van Pretoria, is die somme wat 'n beesboerdery laat klop, tweede natuur. "Op grond van my beroep as direkteur van 'n siviele konstruksiefirma, weeg ek alle aspekte teen mekaar op, veral waar die rantsoen daardie ekstra paar kilogram verskil gaan maak en dit ekonomies geregverdig kan word."

Derick se stoetery, die Drakensbergerstoetery Infracor, se beeste wei op die plaas Nootgedacht in die omgewing van Carolina op die rand van die plato. Dit is harde weidingwêreld waar 'n hoë reënvall, met minder hitte-eenhede, 'n natuurlike suurveld gee wat slegs sowat vier maande van die jaar optimale voeding lewer. "Ons moet dus ons diere met byvoeding help om in die harde maande hul kondisie te behou om ten beste te presteer."

Infracor Stud Breeders se Drakensbergerstoetery is die grondslag van die beesboerdery, wat 'n kommersiële kudde insluit wat kalwers afrond en aan 'n slagplaas lewer.

"Ek het die stoetery in 2014 formeel geregistreer nadat ek lank kommersieel met bees-

BO: Die superkoei JA060069 is reeds tien jaar oud, maar oortref steeds die rasgemiddelde vir geboortegewig, speengewig, gemiddelde daaglikse gewigstoename en voeromsettingsverhouding.

INLAS: Mnr. Derick Orsmond.

PLAASINLIGTING

LIGGING: Carolina, Mpumalanga

NAAM: Nootgedacht

EIENAARSKAP: Maatskappy

VERTAKKINGS: Drakensbergerstoetery, veeboerdery

GRONDTYPE: Sand-leemgrond in die misgordel op die platorand

VELDTIPE: Natuurlike grasveld, 10-15% aangeplante weidings, merendeels outlandsgras

RANTSOEN: Somerlek (produksielek as die mielieprys dit regverdig), winterlek

GEMIDDELDE REËNVAL: 1000 mm/jaar



ELITEKOEI-INLIGTING

Geboortedatum	13 Augustus 2006
Ouderdom met eerste kalf	36 maande
Tussenkalfperiode	371 dae
Getal kalwers	9
Teelwaarde-indeks vir geboorte (direk)	103
Teelwaarde-indeks vir geboorte (maternaal)	104
Teelwaarde-indeks vir speen (direk)	102
Teelwaarde-indeks vir speen (maternaal)	130
Koewaaarde-seleksie-indeks	126
Gemiddelde speenindeks	111

te geboer het. Die stoetery is die resultaat van 'n soektoeg oor die sentrale dele van Suid-Afri-

ka om die beste teelmateriaal by verskeie stoettelers te koop en die diere in Carolina te vestig.

Daar is geen plaasvervanger vir die beste gene nie," sê Derick.

Hy gebruik 'n sterk bestuursplan om die boerdery te laat klop. "My plaasbestuurders, mnr. Hans Brits en Steven

Nkosi, is verantwoordelik vir die daaglikse boerdery-aktiwiteite, terwyl

my vrou, Liesl, wat saam met my Stamboek se BLUP-kursus deurloop het, ook baie betrokke is. Ons werk nou saam met die plaaslike veearts op Ermelo, wat verantwoordelik is vir die hele kudde se gesondheid. Alles gaan terug na die ekonomie van die boerdery; 'n koei wat nie elke jaar dragtig is nie, word uitgeskot en ons wissel ook ons bulle gereeld af."

Die belangrike idee agter beesboerdery, sê Derick, is om sentiment te vermy. "My filosofie is om slegs dít te doen wat vir jou lekker is, maar dan moet dit vir jou 'n inkomste genereer. Die Drakensberger is 'n lekker bees om mee te boer en dit maak ekonomies sin."

BEHOU KONDISIE

JA060069 is al 12 jaar oud en sy kom oorspronklik van mnr. Johan Rautenbach se Jatro-stoetery op Lindley. "Ek het my laat lei deur Stamboek SA se inligting. Dit is altyd 'n goeie riglyn: Jy gaan die syfers na, kyk na wat die beste koeie vir jou spesifieke toestande is en sluit hulle by jou kudde in."

Dit was 'n slim besluit, want JA060069 oortref gereeld die rasgemiddelde van die Drakensbergerras. Haar kalwers se gemiddelde geboortegewig van 35,5 kg is 3,5% laer as die rasgemiddelde, met 'n speengewig (direk) wat 10,5% hoër is as die rasgemiddelde. Die gemiddelde daaglikse gewigstoename van haar kalwers is 26% hoër as die rasgemiddelde, met 'n voeromsettingsverhouding van 16% bo die rasgemiddelde. "Sy is 'n superkoei met 'n sterk erfdwang wat elke jaar 'n kalf gee."

Derick sê die koei loop in 'n groot kudde en kry geen spesiale behandeling nie. "Wat my nog meer beïndruk, is dat haar bouwvorm goed is en dat sy steeds in 'n puik kondisie is. Sy lyk nie soos 'n 12 jaar oue elitekoei nie en is reeds dragtig met haar volgende kalf."

Vir hom is die koei 'n alles-in-een-pakket. "Reproduksie, of vrugbaarheid, is vyf tot tien keer belangriker as enige ander eienskap waarvoor jy kan selekteer. Voeg daarby die lae geboortegewig, 'n hoë speengewig en 'n ekonomiese voeromsettingsverhouding, dan het jy die ideale koei om jou boerdery voorantoe te neem." **LBW**

➤ NAVRAE: Mnr. Derick Orsmond, e-pos: derick@infracor.co.za; sel 083 273 6432.